



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 54: 31 Julie 2015

ONS ALMAL MOET BEHOORT!

Een van die opvallendste kenmerke van die moderne samelewing is die "aangeleerde" en selfopgelegde sinisme waarmee baie van ons die lewe benader. Dis asof ons ons vertroue in die mensdom verloor het en aanvaar dat ons elkeen op ons eie moet, en sal, regkom. Die uitgangspunt van "ek skuld die wêreld niks", gerugsteun deur die euwel van sosiale media, maak dat baie vriendloos, maar met baie "vriende", 'n uitsiglose lewe elke dag met moeite uitstaan.

Miskien bietjie te swartgallig, maar tog steek daar waarheid in. Die regte waarheid egter, is dat ons Hemelse Vader ons beslis nie gemaak het om so te leef nie. Ons is geskape om vreugde uit mekaar te put, om mekaar te skaaf, mekaar te dra en aan te moedig, en bowenal, om mekaar te dien. Juis daarom het almal, al ontken ons dit soms, die behoefte om te BEHOORT.

En watter beter plek om te *behoort* as juis hier in ons Framesby-familie. Al wat dit vra, is om ons oop te stel vir geleenthede, om ons oop te stel vir vriendskappe, en om ons oop te stel om ook soveel as wat ons kan, van onself te gee.

Framesby is gelukkig om te kan sê dat ons 'n Afrikaanse skool is. So as jy dan Afrikaans is, is daar alle rede om jou ten volle uit te leef. Hierdie skool handhaaf en bevorder aktief 'n Christelike karakter en die fundamentele waardes van Omgee, Respek, Verantwoordelikheid, Betroubaarheid, Regverdigheid en Goeie Burgerskap. Waar wil jy 'n beter omgewing kry waarbinne jy jouself kan uitleef? Ons kompeteer weekliks met die sterkste teenstand en slyp so onself deur uitdagings te trotseer. Akademies is alles in ons guns. Al wat elkeen moet doen is om net te behoort!

HUISVESTING VIR DIE GLENWOOD-SEUNS

Al ons rugbyspelers het Donderdag 'n brief ontvang waarin ons ons ouers versoek om behulpsaam te wees met die huisvesting van die Glenwood-seuns volgende Vrydagaand. Ons rig hierdie versoek graag aan al ons ouers.

Glenwood Boys High is een van die top-skole in Kwazulu-Natal en spog met 'n leerdertal van ongeveer 1 500 seuns. Ons eerste rugbyspan het sedert 2011 elke jaar met hulle kragte gemeet, en die kompetisie in elke keer intens. In 2013 het hulle ons genooi om op Kingspark in Durban teen hulle te speel in die voorwedstryd vir die Superrugby-wedstryd tussen die Stormers en die Sharks. In 'n ongelooflike wedstryd het ons uiteindelik naelskraap met 2 punte verloor.

Deur die jare het ons 'n besondere verhouding met hulle opgebou, wat nou uitgeloop het in 'n jaarlikse bepaling. Ons sal hulle volgende jaar besoek. Daarom sal ons hulle baie graag tegemoet wil kom met die huisvesting van hul seuns. Hulle besoek ons met hul rugby-, hokkie-, gholff- en muurbalspanne. Hulle sal ons weer volgende jaar daar huisves.

Kontak asseblief Mnr. Christo Scriven indien u huisvesting kan voorsien.

GROOT SPORT
HIERDIE
NAWEEK TEEN
OUTENIQUA

PROGRAM OP
BLADSY 3

MB-Omgeeprojek
op laaste bladsy!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Veronica de Lange 9D
Ilze Fourie 11A
Pieter Jacques le Roux 12A
Melandri Meyer 9B
Lee-Shay Schutte 10F
Ina-Mari van Niekerk 12B

Sondag

Iliné Slabbert 9F

Maandag

Devin Botes 10G
Kayla Herd 8B

Dinsdag

Morné de Jongh 9A
Sunel du Toit 12E
Leslie Sharp 11G

Woensdag

Geen

Donderdag

Danielle Chambers 12D
Heineke Groenewald 12C
Julian Kleyn 10F

Vrydag

Geen

FRAMESBY IS TROTS OP



André en Riaan gekies vir Suid-Afrika!

Dit bly maar verstommend hoe ons leerders telkemale die geskiedenis van hierdie skool herskryf met hul ongelooflike prestasies.

Ondanks 'n moeilike seisoen vir ons eerste rugbyspan het Framesby vanjaar nie minder nie as ses Cravenweekspelers opgelewer. Onder die bekwame afrigting van Mnr. Louis Gerber het die OP-span vir die tweede jaar agtervolgens die "finaal" gehaal. Ongelukkig het hulle hierdie wedstryd sleg verloor teen die WP, maar in 'n groot mate daarvoor opgemaak deur altesaam 6 SA-Skolespelers op te lewer, waarvan TWEE uit Framesby kom!

Framesby het oor die jare verskeie SA-Skolespelers opgelewer, asook etlike SA-Akademie-spelers. Vanjaar



**JANRÉ
VILJOEN**

het die besondere eer ons te beurt geval deurdat ons hoofseun en eerstespankaptein, André Lategan, en Riaan van Rensburg beide vir die SA-Skole A-span gekies is. Dis 'n besondere prestasie en ons is ongelooflik trots op hierdie twee. Hulle vertrek eerskomende Sondag na die Kaap en sal in drie "toetse" teen onderskeidelik Italië, Wallis en Frankryk hul land verteenwoordig. **BAIE STERKTE JULLE TWEE!!**

JANRÉ EN WILANIE KEN GEEN KEER NIE!

Ons twee tennis-supersterre, Wilanie van Zyl en Janré Viljoen, glo oënskynlik nie daarin om dinge nou en dan bietjie rustig te vat nie. Ondanks 'n vol program by die skool presteer hierdie twee week na week uitstekend op die tennisbaan.

Wilanie het 'n ongelooflik suksesvolle vakansie op die baan beleef. Sy het einde Junie die Brain Bands Ope Vrouetoernooi in Port Elizabeth gewen. Daarna het sy eers die OP Mini Reeks vir Vroue op Cradock gewen en n week later die OP Mini Reeks vir Vroue op Graaff Reinet. Baie geluk, Wilanie! Wie weet wat die toekoms alles inhou!

Janré het ook baie goed gevaar die afgelope tyd. Hy het in die vakansie die enkels van die mans ope-afdeling van die Cradock en Graaff Reinet Mini-toernooie gewen. Hy het ook die dubbels op Graaff Reinet gewen. In die Brian Bands toernooi voor die vakansie was hy ook tweede in die enkels, sowel as die dubbels van die mans ope-afdeling. Hy het ook onlangs vir die tweede jaar agtereenvolgens die mans-enkelspeltitel by die Sunridgepark Tennisklub se Kampioenskappe gewen. Baie geluk, Janré!

Ons gee ook graag erkenning vir die rol wat hul tennisafriigter, Marlu Janse van Vuuren, in hul sukses speel. Die harde werk wat hy by die Tennisakademie by Framesby insit is beslis besig om vrugte af te werp!

O/15 Netbalspan na Gauteng

Soos vroeër berig, het ons O/15-Netbalspan verlede kwartaal die Oos-Kaapse toernooi in Oos-Londen gewen en sodoende deurgedring na die nasionale Netball Challenge wat hierdie naweek in Gauteng aangebied word. Hulle het reeds Woensdagmiddag met die trein na Johannesburg vertrek en sal Sondag terugvlieg. Die groep staan onder leiding van Mnr. en Mev. Rautenbach.

Ons is baie trots op hierdie groepie, veral gesien in die lig daarvan dat daar nie 'n O/15-liga in die OP bestaan nie. Hulle speel almal in ons onderskeie O/16-spanne en moes vining kombineer toe die uitkloprondes begin. Juis daarom kan ons baie opgewonde wees oor die toekoms van netbal in Framesby!

Ons wens hierdie groep graag baie sterkte toe en hoop dat dit baie goed met hulle sal gaan!

FRAMESBY-VOORTREKKERS BLINK!

Die Voortrekker-beweging is reeds vir baie jare een van die uitstaande organisasies wat die ontwikkeling van veral die Afrikaner-jeug bevorder, en hul lede kan getuig van die ongelooflike ervarings wat hulle al daar beleef het. Baie klem word gelê daarop om jongmense toe te rus met verskeie vaardighede waarmee hulle die lewe met selfvertroue kan aandurf.



Verskeie Framesby-leerders is aktiewe lede van die Voortrekker-beweging en almal werk daarvoor om in hul Matriekjaar te kwalifiseer om getoets te word in al die onderskeie vaardighede wat oor die jare aangeleer is. Na afloop van hierdie "eksamens" kan die lede die Hoofleierswag-toekenning, of die heel hoogste prestasie, die Presidentsverkenner-toekenning, verwerf. Die Presidentsverkenner-toekenning kan vergelyk word met 'n sportprestasie op Nasionale vlak.

Sewe van ons Graad 12's het onlangs hierdie eksamens afgelê. In hierdie eksamens het Leneé Botha en Malan Marais die Hoofleierswag-toekenning verwerf, wat 'n besondere prestasie is. In egter 'n ongeëwenaarde prestasie het Limari McLaren, Donné Barry, Leonelle Conradie, Janine van Niekerk en Tiaan Smit die Presidentsverkenner-toekenning verwerf. Dit is beslis die eerste keer in hierdie skool se geskiedenis dat soveel leerders saam hierdie uitsonderlike prestasie behaal. Baie geluk! Ons is ONGELOOFLIK trots op julle klompie, en ons is ook terdeë bewus van die harde werk wat ingesit is om dit te behaal.



SPORTPROGRAM VS OUTENIQUA

Na die teleurstelling van verlede naweek toe die rugbywedstryde teen Grey deur die reën bederf is, sien ons met groot afwagting uit na hierdie naweek se bepaling teen die Hoërskool Outeniqua van George. Hierdie bepaling is reeds etlike jare een van die groot hoogtepunte op ons sportkalender. Met 'n leerlingtal van meer as 1 700 leerders is Outeniqua op alle terreine formidabele teenstanders en sal hulle ons beslis ernstig toets! Ons is egter gereed om alles in die stryd te werp. Baie sterkte aan al ons spanne.

Ons hoop om u almal in groot getalle daar te sien.

HOKKIE

TYD	A-VELD	TYD	B-VELD	TYD	C-VELD
09:30	O/16 Seuns	09:30	O/16C Dogters	09:30	3de Dogters
10:30	O/16A Dogters	10:30	O/14 Seuns	10:30	4de Dogters
11:30	1ste Seuns	11:30	2de Dogters	11:30	O/14 Dogters
12:40	1ste Dogters	12:30	O/16B Dogters		

NETBAL

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
09:30	O/16 B		O/19 D	O/14 B
10:10	O/19 B	O/14 A	O/19 C	O/14 C
10:50	O/16 A	O/14 D	O/16 C	
11:30	O/19 A			

RUGBY

TYD	A-VELD	TYD	B-VELD	TYD	C-VELD
09:30	O/14 A	10:00	4de	10:00	O/16 B
10:30	O/15 A	11:00	3de	11:00	O/14 B
11:30	O/16 A	12:00	O/15 B	12:00	O/14 C
12:45	2 de				
14:00	1 ste				

IETSIE VIR DIE SIEL

OM U NAAM ONTWIL

DIE woorde "om U Naam ontwil" behoort tot daardie uitdrukkings in die Christelike woordeskat waarvan die volle betekenis in die loop van die tyd vergete geraak het. Dit is byna soos met muntstukke waarvan die beeld deur veelvuldige gebruik verslyt geraak het sodat dit skaars gesien kan word. Dit word dikwels gebruik voor die afsluiting van die gebed en het daarom in die volksmond die gevoelswaarde gekry van 'n teken dat die gebed nou beëindig gaan word, sonder dat nog aan die betekenis daarvan gedink word. Veral in die kindermond is "naamswil amen" soms 'n formule sonder duidelike inhoud, soos dit ook uitkom in die grappige gediggie van A.G. Visser oor die kinderlike advies aan die dominee om maar net "naamswil amen" te sê en dan te gaan sit. Iemand vertel onlangs dat hy as kind in 'n situasie van groot nood geen ander woorde vir die gebed kon vind nie as net "naamswil amen", maar dat hy tog uit die nood verlos is. In werklikheid lê daar natuurlik 'n diepe betekenis opgesluit in "om U Naam ontwil". Ons kom dit in die Ou Testament teen as uitdrukking van die innige verhouding tussen God en sy volk Israel. God het Homself in sy liefde so innig aan sy volk verbind dat die eer van sy Naam gemoeid is met wat met Israel gebeur. As Israel sou ondergaan, as Israel nie van sy vyande verlos sou word nie, as Israel nie uit die sonde bevry sou word nie, dan sou gevra kon word: Waar is dan hulle God? Die heidene sou die Naam van God belaster deur te sê: Die God van Israel was nie in staat om die volk wat Hy verkies het, te red en te bevry nie. Die smaad van Gods volk sou dan ook tot 'n smaad vir sy Naam word. Daarom hanteer die gelowiges in die Ou Testament, veral ook in die Psalms, die beroep op die Naam van God as 'n pleitgrond. Help ons om U Naam ontwil, pleit hulle dan. Ook God self sê by monde van die profeet aan Israel: Ek sal julle verlos, maar ek doen dit nie om julle ontwil nie; Ek doen dit om my Naam ontwil (Eseg. 36:20-32). Christus leer sy dissipels om in sy Naam te bid. Dit beteken dat 'n beroep op God gedoen word om ter wille van sy liefde wat Hy in Christus geopenbaar het, en dus ook ter wille van die volmaakte versoening wat Christus vir ons bewerk het, ons gebed te verhoor. Eintlik sê ons: Verhoor ons gebed omdat wat ons vra deur Christus vir ons verkry is en deur sy liefde vir ons bedoel is. 'n Hoër pleitgrond is daar nie. Daarom kan hierdie woorde alleen met die grootste eerbied en in heilige erns op ons lippe geneem word. Dit verg geloofsmoed om vir God te sê dat ons saak eintlik sy eie saak is en dat Hy daarom moet hoor. Maar dit verg ook selfondersoek, want ons kan dit tog eintlik net sê as ons weet dat wat ons vra in ooreenstemming met die geopenbaarde wil van God is.

Uit DIE BURGER 11 Februarie 1989

GROOT OMGEeprojek

Die Hoofleiers en die Monitorbestuur is tans besig om 'n groot omgeeprojek van stapel te stuur deurdat hulle ou en ongebruikte sporttoerusting wil insamel om aan minder-bevoorregte kinders te kan gee.

By Framesby is die meeste van ons bevoorreg genoeg om gereeld nuwe sporttoerusting te kan bekostig. Indien enigeen oor ou toerusting en selfs klere en skoene (bv. tekkies) beskik, kan julle dit by die MB inhandig.

DIE SPORE WAT JY NALAAT

Ons sal graag almal iets vir die nageslag wil nalaat. Baie van ons is in 'n gunstige posisie om wel 'n groot bydrae te lewer tot die samelewing. Dit is gewoonlik dié mense wat met ander mense werk wat blywende indrukke laat. Dit is ongelukkig ook so dat dié nalatenskappe nie noodwendig altyd goed is nie, maar ook soms sleg kan wees.

Almal van ons is gevorm deur nalatenskappe wat ander aan ons oorgedra het. Dit is juis hulle gewoontes, optrede en karakter wat van jou gemaak het wie en wat jy is. Daar was byvoorbeeld die rustige manier van jou ouma, die liefdevolle omgee van jou ma, die streng dissipline van jou pa of die stiptelike van 'n spesifieke onderwyser. Ja, almal wat op een of ander stadium in jou lewe deel gehad het in jou vorming en dit sal weer bepaal hoe jy eendag jôu kinders gaan grootmaak en hulle weer hulle kinders gaan vorm.

Ongelukkig is daar ook baie dinge wat gebeur wat 'n negatiewe invloed op 'n mens se lewe laat. Dit is veral vir dié mense wat ek 'n groot bewondering het, want soms, ten spyte van baie terugslae, gaan hulle nog steeds voort met die lewe en vaar goed! Hulle styg uit bo hulle omstandighede en presteer nie net akademies en in sport nie, maar kom agter dat hy/sy kan sing en toneelspeel of pragtig kan teken óf kreatief kan skryf.

SOEK NOG VANDAG JOU TALENTE EN WERK DAARAAN! DAN SAL JY 'N PRAGTIGE NALATENSKAP LAAT.

"People are often unreasonable and self-centered.

Forgive them anyway.

If you are kind, people may accuse you of ulterior motives. Be kind anyway.

If you are honest, people may cheat you. Be honest anyway.

If you find happiness, people may be jealous. Be happy anyway.

The good you do today may be forgotten tomorrow.

Do good anyway.

Give the world the best you have and it may never be enough. Give your best anyway.

For you see, in the end, it is between you and God.

It was never about you and them anyway."

Moeder Teresa